**GEREELDE VRAE**

**Sal ek slegs Grondkunde as hoofvak hê wanneer ek vir 'n graad in Grondkunde registreer?**

Nee, binne die Plant- en Grondwetenskappe-program het jy altyd twee hoofvakke. Saam met Grondkunde kan jy kies tussen Agronomie; Hortologie of Wingerdkunde as jou tweede hoofvak.

**Wat is die toelatingsvereistes (d.w.s. skoolvakke en relevante grade) om vir 'n graad in Grondkunde te registreer?**

Die toelatingsvereistes om vir die BSc Agric-program in Plant- en Grondwetenskappe te registreer, is soos volg:

**Met Agronomie, Hortologie of Wingerdkunde as tweede hoofvak:**

- ’n Gemiddelde prestasievlak van 60% in die NSS of die IEB se skooleindsertifikaat (uitgesluit Lewensoriëntering), of ander skoolkwalifikasies.
- Engels of Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) – 4 (50%);
- Wiskunde – 5 (60%); en
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) – 4 (50%).

**Kan ek Grondkunde studeer as ek slegs Wiskundige Geletterdheid het?**

Nee, ongelukkig benodig jy suiwer Wiskunde. Jy kan egter oorweeg om by die Elsenburg Landboukollege te studeer, wat 10 km buite Stellenbosch geleë is.

**Hoeveel jaar neem dit om 'n graad in Grondkunde te voltooi?**

Vier (4) jaar.

**Is daar goeie werksgeleenthede vir iemand met 'n Grondkunde-graad?**

Ja. Aangesien jy met twee hoofvakke (grondkunde en 'n vak in 'n gewasproduksieveld) sal gradueer, sal jy 'n voordeel hê bo kandidate wat aansoek doen vir werksgeleenthede.

**Watter soort werk is daar as 'n Grondkundige?**

- Grondkundiges kan die volgende loopbane volg (maar is nie daartoe beperk nie):
- Werk as 'n plaasbestuurder of tegniese konsultant in die Agronomiese-, Vrugte- of Druiwebedrywe.
- Doen grondklassifikasie, kartering en geskiktheidsassesserings.
- Doen grondontledings en/of maak kunsmisaanbevelings.
- Doen grondvoorbereidings- (bewerkings-) aanbevelings vir spesifieke gewasverbouings.
- Werk in die besproeiingsbedryf.
- Werk as 'n navorser in regeringsparastatale en nie-regeringsorganisasies.
- Werk aan grondremediëring (d.w.s. besoedelde en/of myngronde).
- Doen ontwikkeling en opleiding van kleinskaalse boere in landelike gebiede.
- Sluit aan by die akademie om te onderrig en navorsing te doen.